Deur die Geloof

Uittreksel van Pastoor Neser se preek: B109b

Skriflesing uit Heb.11:1-16

Kernvers: 6 – 'Sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag; want hy wat tot God gaan, moet glo dat Hy is, en 'n beloner is van die wat Hom soek'.

God eis geloof van die mens – dank God vir die Woord wat daardie geloof opwek. Soos in vers 3 wat sê dat die wêreld deur die woord van God toeberei is, sodat die dinge wat gesien word, nie ontstaan het uit sienlike dinge nie.

Wanneer ons kyk na die heelal en sien hoe die son en die maan, die sterre en planete alles in hul bane volgens heerlike en wiskundige patrone beweeg, dan besef ons dat dit daargestel is deur die Skepper wat alles gemaak het.

Is dit nie wonderlik dat 'n eenvoudige kind van God dit kan verstaan omdat hy dit deur die geloof verstaan? Terwyl die slimste en grootste wetenskaplikes vandag nog worstel om hierdie dinge te probeer verstaan en uitpluis. Hulle verkeer in groot verwarring en geskille met mekaar daaroor.

Sonder geloof kan die mens nie die werke van God verstaan nie, want die verstand van die mens is in sy diepste wese nog onvrugbaar wanneer die 'geloof' ontbreek. Dit is die geloof in God wat die verstand bevrug.

Baie mense sê: 'As ek sien sal ek glo', maar wat jy sien hoef jy mos nie te glo nie!?

Om egter te glo wat jy nie sien nie; maar nogtans te glo omdat God dit gesê het, sal jy die heerlikheid van God sien! Dit was die woorde van Jesus aan Marta net voordat Hy vir Lasarus uit die dood uit opgewek het.